# Q&A

*Korach*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH

**DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:**

**Torah:** Númeri 16:1–18:32
**Haftarah:** 1 Samuel 11:14–12:22
**B’rit Hadashah:** **H**andelinge 5:1–11

1. Is die opdrag om klossies of tzitzit te dra in Numeri 15 vandag nog van toepassing op kinders van Abba Vader?
2. Hoe waarsku Korag se voorbeeld in die Woord ons teen ontevredenheid met die rol wat Abba Vader aan ons gee?
3. Waarom was dit betekenisvol dat Datan en Abiram van die stam van Ruben was?
4. Watter boodskap lê opgesluit daarin dat nie net Korag en sy mense nie, maar ook hul besittings deur die aarde ingesluk is?
5. Wat dink jy was die betekenis of rede agter die opdrag aan Eleasar om die wierookpanne te versamel en op die altaar te plaas?
6. Watter eienskap van Moses word duidelik sigbaar in die manier waarop hy die opstand hanteer het, en hoe spreek dit tot jou?
7. Op watter manier het Aäron as ’n tipologie van Yeshua opgetree in hierdie gebeure?
8. Watter geestelike betekenis dra die wonderwerk van Aaron se staf wat bloei en vrug dra en wat leer dit ons oor ware geestelike gesag?
9. Wat leer Numerie 17 ons as gelowiges oor hoe ons moet reageer op Abba Vader se aanwysing van leierskap en orde in die kerk of gemeente?

10. Volgens Numerie 18 waarom mag die Leviete nie aan die heilige voorwerpe of altaar raak nie, selfs al help hulle in die diens van die tabernakel?

11. Watter praktiese gevolg het dit gehad dat die Leviete nie 'n erfdeel onder die stamme van Israel gekry het nie?

12. Hoe dink jy werp Numeri 18 lig op die rol en verantwoordelikhede van geestelike leiers?

13. Hoe dra Numerie 18 by tot die begrip van Yeshua as ons Hoëpriester en Middelaar?

14. Volgens 1 Sam. 11 – 12 waarom was dit belangrik dat Saul in Gilgal as koning bevestig word, ná sy militêre oorwinning?

15. Wat was die kinders van Israel se sonde in hul versoek vir ‘n koning?

16. Watter voorwaardes stel Samuel vir Israel se toekomstige voorspoed onder hul koning?

17. Waarom was die weerteken van reën en donder so skokkend vir Israel in die koringoesseisoen?

18. Hoe reageer die kinders van Israel op hierdie teken van oordeel, en wat vra hulle vir Samuel?

19. Hoe bemoedig Samuel die kinders van Israel ondanks hul sonde?

20. Wat dink jy is die ooreenkomste tussen Num 16-18 en 1 Sam 11 -12?

21. Wat openbaar 1 Sam 11 en 12 oor Abba Vader se genade en Sy verbondstrou?

22. Wat leer ons uit Romeine 13 oor die straf vir opstand teen gesagsfigure?

23. Wat leer Romeine 13 ons oor ons houding teenoor regering — selfs wanneer dit gebrekkig is?

24. Wat dink jy is die ooreenkomste tussen Num 16-18 en 1 Sam 11 -12 en Rom 13?